Sondag 12 April

Skrifgedeelte: Genesis 41:47-57

Fokusgedeelte: Genesis 47:51

God gee genadiglik uitkoms en perspektief

Gister het ons gelees van Josef se baie beproewings oor baie jare in sy lewe. Maar beproewings hou meestal darem nie vir altyd aan nie (Klaagl. 3:31-33). In Josef se lewe het God uitkoms gegee!

Een nag droom die farao twee drome wat hom baie ontstel. Dan onthou die skinker vir Josef in die tronk. En as Josef hierna vir die farao sy drome uitlê, en ook nog vir hom baie goeie raad daarmee saam gee, dan word Josef oor alles in die hele Egipte aangestel! Hy word onderkoning! En in die sewe jare van oorvloed wat daarop volg, versamel Josef-hulle meer as genoeg koring vir Egipte. Hulle versamel soveel dat selfs van die lande rondom Egipte kan kom koop.

En so bring God Josef se familie en sy pa na hom toe. Vir hierdie familie is dit nie net uitkoms van hongersnood nie, maar hierdie familie word uiteindelik die Here se groot volk in Egipte. En wat getuig Josef oor dit alles? Reeds voor die hongersnood getuig hy: *"God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het."* Ook baie jare later, as sy broers voor hom staan getuig hy: *"God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte"* (Gen. 45:7-8). Ook na hulle pa se dood getuig Josef weer: *"Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."*

Mag jy ook terugkyk na al die beproewings in jou lewe waar God vir jou uitkoms gegee het, of ten minste net gedra het. En mag jy ook soos Josef getuig oor die goed wat God daaruit laat kom het.

*Sing: Psalm 116-1:2-5*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)*